Emosionalisme in Aanbidding

Inleiding

Die verbanning van alle godsdienstige byeenkomste gedurende die virus grendelperiode het ’n algemene wanbegrip betreffende die teenwoordigheid van die Heilige Gees in byeenkomste ontbloot. Die terminologie wat so dikwels tydens die tyd van lofprysing en aanbidding gebruik word, dra grootliks by tot hierdie wanbegrip. Hoe dikwels hoor ’n mens nie dat daar met die aanvang van die tyd van lofprysing en aanbidding afgekondig word dat die aanbiddingspan “ons nou in die teenwoordigheid van die Here gaan inlei” nie? Die vraag kan nou gevra word waar die teenwoordigheid van God was voor die byeenkoms en wat daarna van Sy teenwoordigheid gaan word?

Sang en musiek het nog altyd ’n belangrike rol gespeel wanneer dit by aanbidding kom.
Daar het egter in meer moderne tye, in die manier wat dit aangebied word, ’n subtiele klemverskuiwing plaasgevind. Hierdie klemverskuiwing word geïllustreer deur ’n uitnodiging wat ek onlangs ontvang het:

> *“PRYS EN AANBIDDINGSAAND – kom en geniet die aand...die Groep sal ons tot in die troonkamer van God inlei...”*

Vanaf ’n Nuwe Testamentiese perspektief bevat hierdie advertensie ’n ernstige teologiese dwaling. Nêrens in die Nuwe Testament word daar verklaar dat sang en musiek mense tot in die troonkamer van God kan lei nie! Volgens die Skrif kan net geloof in die bloed van Christus Jesus dit doen.

> *“Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan* ***deur die bloed van Jesus*** *op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees…”* (**Heb 10:19-20**, my beklemtoning).

Ou en Nuwe Testamentiese perspektief ten opsigte van lofprysing en aanbidding

Die Engelse weergawe van die woorde van **Psalm 22:3,** “*God* ***inhabits the praises*** *of His people,*” (“*U woon waar Israel U prys*” v.4) word dikwels in byeenkomste gehoor.
In die Nuwe Testament woon God nie in die lofsange en lofprysing van Sy mense nie, Hy woon **in húlle** (**1 Kor. 6:19**). Hierdie Nuwe Testamentiese waarheid het verreikende implikasies. So byvoorbeeld gaan gelowiges nie in God se teenwoordigheid in wanneer hulle in ’n byeenkoms ingaan nie, God se teenwoordigheid gaan saam met húlle in! Weens die feit dat die Heilige Gees in hulle woon, hoef hulle nie deur ’n uitgerekte sessie van lofprysing en aanbidding te gaan om in God se teenwoordigheid te kom nie.

Die rol van emosies in aanbidding

Ernstige geestelike skade kan aangerig word as lekker gevoelens en ’n warm atmosfeer met die teenwoordigheid van die Heilige Gees geassosieer word. Positiewe, of negatiewe gevoelens of omstandighede, op hulle eie geneem, sê vir ons niks aangaande die teenwoordigheid van die Heilige Gees nie. Dink maar aan Paulus; ten spyte van al die

negatiewe dinge wat hy moes ervaar: sweephoue, steniging, skipbreuke, in die tronk, oorval deur rowers, honger en dors (**2 Kor. 11:23-28**), het hy nie getwyfel aan God se teenwoordigheid nie! Sy vertroue was in God se belofte dat Hy hom nooit sou begewe of verlaat nie Sien **Hebreërs 13:5**.

Die gevaar van om aangename gevoelens met die teenwoordigheid van die Heilige Gees te assosieer is dat daar ’n neiging bestaan om te dink dat God se teenwoordigheid weg is wanneer die aangename gevoelens nie meer daar is nie. Dit verduidelik hoekom sommige mense net na ’n byeenkoms depressie ervaar wanneer hulle weer in die eensaamheid van hulle kamer of woonstel kom. Dit is ook hoekom sommige mense wat afhanklik is van die atmosfeer van byeenkomste, in hierdie grendeltyd, geestelik geïsoleerd voel.
Ons is dankbaar vir die aangenaamheid wat ervaar word wanneer ons saam met ander gelowiges saam kom, maar sulke gevoelens is nie die Bybelse kriteria waarop ons moet staatmaak om te weet dat God met ons is nie**.** Die realiteit van God se teenwoordigheid word bepaal deur my geloof in Sy belofte:

“Ek sal julle nooit begewe of verlaat nie” **(Heb.13:5).**

Die invloed van sielskrag

Die feit dat aangename gevoelens en ander sintuiglike ervarings so dikwels met die teenwoordigheid van die Heilige Gees geassosieer word, kan baie misleidend wees. Tekens, wonderwerke en liggaamlike sensasies , omdat hulle sintuiglik van aard is, en omdat hulle maklik nagemaak kan word, kan nooit as bewys van die teenwoordigheid van die Heilige Gees dien nie. Dieselfde geld vir die ervaring van emosies.

Hoe aanbid ’n mens?

Aanbidding is in die eerste plek ’n innerlike waardering vir wat God deur Jesus Christus vir ons gedoen het. In die Nuwe Testament word aanbidding nie gesien as iets wat jy net gedurende ’n sekere tyd by ’n sekere plek doen nie. Volgens Paulus moet jy God met jou hele lewe aanbid. Sien **1 Korinthiërs 10:31**:

“Of julle dan eet of drink of enigiets doen, ***doen alles*** *tot verheerliking van God”*

Die Plek van Sang en Musiek

Mense verskil as dit by musieksmaak kom. Baie mense hou van ernstige klassieke musiek, terwyl ander weer ligte musiek verkies. Verskillende mense geniet verskillende soorte musiek en verder druk verskillende soorte mense hul gevoelens op verskillende maniere uit. So sien ons in **Esra 3:12** dat toe die fondamente van die tempel gelê word, dat terwyl sommige “*hardop gehuil*” het, ander weer “*gejuig en met blydskap die stem verhef het*.” Ons moet nie die fout maak om te dink dat ’n stil persoon minder voel as die een wat hande klap nie. Hierdie feit moet veral met beoefening van ons godsdiens in gedagte gehou word. Ons kan nie afgerig word om almal op ’n eenvormige manier aan ons emosies uitdrukking te gee nie.

Wat het van gemeentelike sang geword?

Ek is ten gunste van gemeentelike samesang, maar in baie kerke deesdae word gemeentelike sang deur die elektroniese versterkte klank van die orkes en die voorgangers oorheers.

Die invloed van sielskrag in aanbidding

Dit is nie net dwelmmiddels wat stemming en gedrag kan beïnvloed nie, musiek kan dit ook doen. Die aangename stemming wat deur sang en musiek veroorsaak word, bring ons nie nader aan God nie, maak nie saak hoe mooi of goed dit is nie; dit beïnvloed net ons emosies op ’n sielsvlak. Omdat emosies deur verskillede dinge beïnvloed kan word, is kennis van God se Woord absoluut noodsaaklik om die oorsprong daarvan te onderskei. So byvoorbeeld, as daar verstaan word dat die Woord verklaar dat selfbeheersing een van die vrugte van die Heilige Gees is, sal mense nie betrokke raak by plekke waar onbeheerste skreeuery, rukkings en rondrollery op die vloer as die werking van die Heilige Gees geïnterpreteer word nie. Sien **Galasiërs 5:22:**

> *“Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid,* ***selfbeheersing****”* (My beklemtoning).

Ons moet versigtig wees dat ons die belangrikheid van die “worship” ervaring in kerkbyeenkomste nie so oorbeklemtoon dat ons gevoelloos raak vir die werklike teenwoordigheid van die Heilige Gees **in** ons nie.

Slotsom

Die oorbeklemtoning van die idee dat ons in byeenkomste in die teenwoordigheid van God ingaan, veroorsaak dat daar in die gedagtes van baie Christene ’n skeiding gemaak word tussen die ervaring van ’n “presence” in byeenkomste en die alledaagse ervaring van die sekulêre lewe. Aanbidding moet iets wees wat ons ten alle tye met ons lewe doen:

> *“Of julle dan eet of drink of enigiets doen,* ***doen alles*** *tot verheerliking van God”*
> (**1 Kor. 10:31**, my beklemtoning).

Mag ons in ons byeenkomste sing? Natuurlik mag ons, **maar nie om in ’n “presence” in te kom nie, maar omdat ons waardering wil uitdruk** vir wat God deur Jesus Christus vir ons gedoen het.

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
E-pos: nickmaartens@hotmail.com
www.nickmaartens.co.za